

22 Junie

Skrifgedeelte: 1 Kronieke 15:1-3, 11-15

Fokusgedeelte: 1 Kronieke 15:3 (1983-vertaling)

Maak die ereplek vir die Here gereed

Die sentrum van Dawid se koninkryk was Jerusalem. Dawid het die stad versterk en 'n paleis gebou waar hy, sy vroue en hulle seuns gebly het. Hy wou die aansien en eer van Jerusalem nog verder verhoog deur die ark van die Here daarheen te bring. Dié ark het jare lank in Kirjat-Jearim in die huis van Abinadab op die heuwel gestaan, ongeveer twee ure se loop vanaf Jerusalem.

Die eerste keer is verskeie voorskrifte in verband met die vervoer van die ark veronagsaam en op 'n manier aangepak wat die Here nie wou hê nie. Ussa sterf in die proses. Die tweede keer is koning Dawid baie versigtiger. Met besondere gewydheid en musiek het die Leviete die ark gedra na Jerusalem waar die Israëliete vir die feestelike verwelkoming bymekaargekom het. 'n Spesiaal uitgesoekte plek is vir die ark gereed gemaak, simbool van die teenwoordigheid van die Here. Die feestelikheid is afgesluit met die uitdeel van lekkernye wat Dawid aan elke Israëliet laat uitdeel het: 'n ringbrood, 'n klompie dadels en 'n tros rosyntjies.

Bied jou lewe vir die Here 'n tuiste? Het jy vir sy teenwoordigheid gereed gemaak?

Wanneer 'n mens gaste verwag, sorg 'n mens dat alles gereed is vir hulle besoek en dat hulle welkom by jou sal voel. Soveel te meer wat die Here betref. Hy is boonop nie net 'n kuiergas wat kom en na 'n rukkie weer vertrek nie. Hy wil permanent by ons deur sy Gees woon. Daarom moet ons só lewe dat Hy by ons welkom sal voel.

Die Here se seën daal neer waar Hy woon, Hy sorg in sy liefde vir alles en almal. Waar die Here is, is die lewe 'n fees (Ps. 132:13-18). Het die Here ook in jou lewe die ereplek?

Sing: Skrifberyming 15-8:4

Ds. AH (Arnold) Mulder (Emeritus)